# BYLAAG F2

## 'n Duitser aan die Kaap — Uittreksel

Karel Schoeman (outeur) · Bladsy 177–178 en voetnotas

### *Die mees opvallende voorbeeld: Johan Smit uit Grünberg*

Die mees opvallende voorbeeld van hierdie proses begin met 'n Johan Smit (Johannes Schmidt) uit Grünberg in Hesse, ten noorde van Frankfurt am Main en in die nabyheid van Gießen. Hy het in 1747 as soldaat na die Kaap gekom, as bakker gewerk, en in 1753 vryburger geword en sy eie bakkery begin. Sy broer Andries Smit (Andreas Schmidt) het hom in laasgenoemde jaar gevolg en in 1760 vryburgerskap verkry, op sy beurt gevolg deur hulle neef Casper, wat in 1763 reeds aan die Kaap aanwesig was in die hoedanigheid van soldaat en vir enige jare deur die Kompanjie as kneg aan sy oom Andries uitgehuur is. Naas hulle drie was daar egter nie minder as elf ander mans uit Grünberg wat tussen 1747 en 1792 in diens van die VOC na die Kaap gekom het nie — 'n groottotaal van veertien oor 45 jaar, en aangesien die beraamde bevolking van die dorpie teen 1760 'n blote 2 600 was, is dit 'n merkwaardig hoë syfer.

Vermoedelik was hierdie mans almal onderling verbonde deur verwantskap of vriendskap en het hulle hul as gevolg van persoonlike aanbeveling en aanmoediging na die Kaap begewe; waarbij ook in gedagte gehou word dat Grünberg tydens die Sewejarige Oorlog van 1756–1763 deur die Pruise en Hannoverane beset is en waarskynlik 'n ekonomiese knou gekry het wat as verdere aanmoediging tot emigrasie gedien het. Naas die drie Schmidts was daar onder die emigrante trouens nog twee mans met telkens dieselfde familienaam, en een van hulle, Johannes Hertz, is bowendien na die Kaap gevolg deur sy vrou, wat in 1774 hier aangekom het as diensmeisie van 'n predikant op pad na Batavia, en hulle dogter, twee van die baie klein aantal Duitse vroue wat deur Hoge in sy lys immigrante aangegee word.

Om die alomaanwesigheid van Duitse mans aan die Kaap gedurende die tweede helfte van die eeu nog verder te illustreer, kan bygevoeg word dat Casper Smit in 1778 getroud is met Machtelt Combrink (later bekend as die sendingweldoenster Machtelt Smit), gebore in 1749, wat self die dogter, stiefdogter, weduwee en skoonsuster van Duitse immigrante was.

### *Grünberg as Stad*

Moderne foto's van Grünberg toon 'n strak, stywe, welvarende Duitse stad tussen beboste groen heuwels, met heelwat ou vakwerkhuise vir diegene wat van vakwerk hou, tussen onpersoonlike moderne geboue. 'n Mens wonder watter verdere inligting deur navorsing in die plaaslike argiewe aan die lig gebring sou kan word.

### *Duitsers in Posisies van Aansien*

Terwyl die meerderheid van hierdie Duitse immigrante geen skouspelagtige hoogtes in die plaaslike hiërargie van die VOC bereik het nie, was daar tog 'n beduidende aantal wat tot posisies van aansien en verantwoordelikheid gevorder het. 'n Enigsins vroeër aankomeling was H.C. Möller uit Hamburg, wat sedert 1682 aan die Kaap was. Hy self het burgerraadslid geword, maar is noemenswaardige landdros van Stellenbosch gedien, en getroud met die suster van ds. Beck.

Volgens die gegewens by Hoge het dit gedurende die agtiende eeu gereeld gebeur dat Duitsers in diens van die Kompanjie uitkom om by familielede of stads- of dorpsgenote aan te sluit wat reeds aan die Kaap gevestig was — wat beteken dat hulle by hul indienstreding uitdruklik gevra het om hier te mag diens doen en dat die versoek ingewillig is.

### ***Voetnota 97 — MARNEWECK ingesluit***

Voetnota 97 verwys na Hoge se inskrywings wat die volgende families insluit: Blesser, Bott, Hertz, Linker, **Marneweck**, Pfeffer/Pfeiffer, Reuter, Schmidt & Semler. (Hierdie verwysing bevestig dat die Marneweck-familie deel was van die groep Grünberg-emigrante wat na die Kaap gekom het.)

---

Bron: Karel Schoeman, ''n Duitser aan die Kaap' (uittreksel), bladsy 177–178 en 447. Transkripsie en moderne Afrikaanse aanpassing.